**MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING & BEWAREA**

**NOTULE VAN VERGADERING GEHOU TE WORD OP WOENSDAG, 1 JULIE 2015 OM 13:00 BY DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL**

**NOMMER 06/2015**

## 1. OPENING EN VERWELKOMING

Charl Coetzer open die vergadering met gebed Die voorsitter verwelkom almal teenwoordig. Grootbrak Akademie verteenwoordigers, Willie Liebenberg, Blackie Swart en Simeon du Preez gaan 'n aanbieding doen en word hartlik verwelkom.

## 2. PRESENSIELYS EN VERSKONINGS

### 2.1 Teenwoordig

| | | |
|---|---|---|
| Anton Dellemijn | Voorsitter | Tergniet |
| Des Muller | Ondervoorsitter | Riverside |
| Mike Wray | Bestuurslid | Tergniethoogte |
| Annatjie J van Rensburg | Sekretaresse | Eureka Park |
| Kruger de Wet | | Reebokhoogte |
| Charl de Wet | | Kleinbrak |
| Charl Coetzer | | Fraaiuitsig |
| Pieter le Roux | | Kleinbrak |
| Len Rauch | | Tergniet |
| Lavinia Lunow | | Fraaiuitsig |
| Ann Pretorius | | De Lange Uitbr |
| Johan Lötter | Noord van Spoorlyn | Reebok |

### 2.2 Op Uitnodiging

| | |
|---|---|
| Raadsheer Kalie Smit | Raadslid - Wyk 4 |

### 2.3 Afwesig met verskoning

| | | |
|---|---|---|
| Raadslid Gibo Gerber | | Raadslid – Wyk 5 |
| Rozain Hanzen | | Munisipaliteit |
| Lydia Havenga | | Bewarea |
| Wendy Wiles | | Bewarea |
| Frik Nel | | Reebokrif |
| Ray Saul | | Reebokhoogte |
| Jorrie Jordaan | | Suiderkruis |
| Donovan Claassen | | Toekoms |
| Frans de Graaff | | Munisipaliteit |
| Terry Terblanche | | Riverside |
| Johann Muller | Suid van Spoorlyn | Reebok |

## 3 LIEF EN LEED

Rozain Hanzen in haar afwesigheid en Lavinia word hartlik gelukgewens met hulle verjaarsdae. Wendy Wiles verjaar 28 Julie 2015.

## 4. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING

'n Paar punte is deur Kruger genoem op die Notule wat reggestel moet word. Notule word goedgekeur deur Kruger de Wet en gesekondeer deur Len Rauch.

## 5. NUWE SAKE VIR BESPREKING

### 5.1 Begroting vir opgradering van 'Drop off Sites'

'Drop off Sites' sal September 2015, met die nuwe Finansiële jaar 2015/2016, geverf en oorgedoen word. Mike maak melding van vullis rondom houers wat verwyder moet word asook toilette in Kusweg wat skoongemaak moet word. Veiligheid word deur Len aangespreek, en voorstel is, toilette moet in die nag gesluit wees. Aksie: Lanese sal gekontak word vir hulp.

### 5.2 Dank & Waardering

Rozain Hanzen word in haar afwesigheid bedank vir haar werk wat sy verrig en hoogs waardeer word.

Ten spyte van die omstandighede rondom Colin Puren, was hy baie goed vir Midbrak gemeenskap, asook vir MBBV waar hy sake baie goed hanteer het. Anton stel voor dat hy 'n verdienstelike sertifikaat die einde van die jaar vir Uitstaande Dienslewering aan die gemeenskap moet ontvang. Annatjie sal hom namens MBBV & Bewarea bedank. Bestuur ondersteun versoek eenparig.

'Dank en Waarderingskrywe sal aan die Bevelvoerder SAPD en lede gerig word vir hul onbaatsugtige diens aan die gemeenskap.

Kruger stel voor dat nominasies vir Verdienstelike Sertifikate deur sekretaresse aangeteken word, vir die einde van die jaar se toekennings.

## 6. AANVULLENDE AGENDA

### 6.1 Aanbieding van Rekenaar/SelfoonTabletpakkette

Tabletaanbieding vir fondsinsameling deur Grootbrak Akademie word deur Willie Liebenberg en span aan MBBV Komitee aangebied. Anton stel voor dat volledige inligting aan hom ge-epos moet word.

### 6.2 Suiderkruis: Veiligheidsrisiko – 'Water Resevoir' na R102

'n Versoek word aan MBBV en Midbrak Buurtwag gerig na aanleiding van inbrake, oor die deurgang om ongewenste persone se toegang te stop. 'n Skrywe sal aan die Munisipaliteit en Buurtwag vir oplossing gerig word.

### 6.3 Rheebokhoogte

**Oesterlaan,** aan die bokant van die pad is besig om te verkrummel. 'n Epos sal aan Munisipaliteit oor die saak gerig word.

### 6.4 Beurtkrag

Kruger noem dat beurtkrag nie ooreenstem met areas wat af en ander areas aan is nie. 'n Voorstel word gemaak dat gemeenskaplike skedule van Munisipaliteit en Eskom verkry word. Raadsheer Smit stel dit dat die Munisipaliteit nie beurtkrag toepas toe nie. Eskom hanteer self beurtkrag skedule. Skrywe sal aan Munisipaliteit gerig word.

6.5 **Slotte van Elektriese kaste**

Anton verseker Kruger dat die saak weer aandag sal geniet. ‘n Epos sal aan Munisipaliteit gestuur word. Slotte is wel aan voorkant vervang maar agterkant ontbreek.

## 7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE

7.1 **Strate en Stormwater (Reebok en Tergniet)** – Kusweg 211, 275 & hv De Jager & Kusweg. Op Aktiwiteitslys plaas.

Voorsitter verduidelik dat Munisipaliteit werk aan die kwessie en sal deurentyd opvolg. Haal af.

7.2 **Kusweg Studie agv plaveiwerk op duin**

Die Munisipaliteit het skrywe aan eienaar gerig. Len stel dit dat die spesifieke terrein baie goed gedoen is. Die algemene gevoel is dat die volgende persoon moontlik nie so goed afrond nie. Erosie kan dit vererger. Die eerste deel van De Jagerstraat, seekant teen die pad, is voorbeeld. Punt word afgehaal.

7.3 **Onkruiddoder.**

Bevestiging is ontvang dat alle areas gedoen is. Anton deel vergadering mee dat Johan Lotter ook epos in die verband gestuur het. ’n Epos sal aan Munisipaliteit gerig word oor onkruid by Reebok Gemeenskapsaal wat gespuit en skoongemaak kan word. Onkruid sal deurentyd gemonitor word.

7.4 **Gordoniaweg.**

Anton meld dat insidente huidiglik plaasgevind. Die voorsitter het skrywe aan Munisipaliteit oor indringende Sekuriteitsrisiko gerig en soek ondersteuning om die gebied skoon te maak. Die Punt sal gemonitor word.

## 8. BYWONING MUNISIPALE KOMITEEVERGADERINGS

Kruger de Wet doen verslag oor die vergadering. MBBV Komiteelede wat vergadering bywoon, kry die nodige erkenning by Munisipale Komiteevergadering. ‘n Voorstel van besoekers is moontlikheid van ‘n Agenda aan die persone/besoekers teenwoordig.

Raadsheer Kalie Smit maak duidelik dat dit moeilik is om voorafgaande agenda te kan verkry. Aangesien Koukusvergadering, die vorige dag van Munisipale Komiteevergadering plaasvind. ‘n Skrywe sal aan Rozain Hanzen gerig word om ‘n moontlike Agenda of punte vir bespreking aan besoekers by vergadering te kan gee.

Lavinia bedank Raad en Munisipaliteit vir hul harde en deeglike werk.

Pieter le Roux en Charl de Wet sal 8 Julie 2015 se Munisipale Komitee vergadering bywoon.

## 9. WYKSKOMITEES

Len lig die vergadering in oor Munisipale kursus by Langebaan, waar die vereistes en hul dienste van Wykskomitees/ organisasies vereis behandel is. Lede moet hulself beskikbaar stel, dienste van Wykskomitees moet aangewend word om insette te kry dmv vooraf opgestelde lyste na die gemeenskap te neem.

Raadsheer Kalie Smit meld dat die Raad die punt alvorens moet deurvoer voordat verder geneem kan word.

**10. PROJEKTE**

10.1 **R102 Deurpad en gras areas (Lede).**

Die punt is na die Raadsvergadering verwys. Len gee terugvoering dat daar wel skoongemaak is. Aksie: Gibo terugvoering.

10.2 **Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings & monitering**

Hildegardestraat het steeds gate wat geweldige skade aan motors veroorsaak. ‘n Versoek sal aan Munisipaliteit gerig word.

10.3 **Hersiening van Straatname en Kartering van nuwe uitbreidings** .

Anton deel vergadering mee dat Len se skrywe in die verband by plaaslike Munisipaliteit is en sal gemonitor word. Op Aktiwiteitslys plaas.

10.4 **Skoonmaak van erwe**

Deurlopende Aksie.

10.4.1 **Hoek van Kaaimansplek en Kaaimanstraat(bo na Impala).**

Die hoek is skoongemaak. Haal af.

**11. FINANSIES**

Anton gee oorsig. MBBV & Bewarea finansies onveranderd. ‘n Bedrag van R30.00 is inbetaal. Frik het ook laat weet dat beware finansies onveranderd is.

**12. POLISIëRING/BUURTWAG**

Len doen verslag dat Midbrak Buurtwag ‘n baie goeie Whatsapp stelsel het. ‘n Klousule in die Grondwet verseker ons dat geen informasie bekend gemaak word nie.

Des stel voor dat Whatsapp toestemming van verbruikers moet verkry. Strate kan elk bv ‘n kaptein met huiseienaars se besonderhede opskrif kry. Whatsapp groepe word bespreek.

**13. BEWAREA**

**Aangeheg die MBBV Bewarea Verslag.** Anton gee verslag dat die gelde van Casino goedgekeur is. Klipspringer gaan oopgekap word. Vishoek Wandelpad moet weer met Munisipaliteit opgeneem word.

**Anton, Mike en Wendy is deur oud-**Bewarealede uitgenooi oor die bestaan en werksaamhede van Midbrak Bewarea. Die persone betrokke wil graag Bewarea apart laat funksioneer. Anton beklemtoon dat Bewarea eers hul strukture en projekte inplek moet kry. Asook bewyse dat hulle onafhanklik en voortreflik hulle doelwitte kan uitleef vir die toekoms voordat MBBV sal toelaat dat hulle alleen funksioneer. Die rede is vir die gesonde voortbestaan van ‘n Bewarea wat ’n belangrike deel vorm van ‘n gemeenskap.

**Die Komitee se besluit word aanvaar, dat Bewarea onder MBBV se vaandel sal bly.**

## 14. PLAASLIKE SAKE

### 14.1 De Lange Uitbreiding (Ann)

Ann doen verslag dat geen uitbreidings in gebied meer plaasvind nie. 'n Versoek is gerig dat die bosse by ingang en in die gebied skoongemaak moet word. Die gebied is reeds skoongemaak.

### 14.2 Toekoms (Donovan)

Straatname moet aandag kry, aangesien die inwoners geen banksake ens kan doen sonder 'n volledige straatnaam/ nommer nie. 'n Skrywe sal aan Munisipaliteit gerig word. Anton stel voor dat onwettige persone deur 'n uitsettingsbevel, van mnr Williams, Hoof van Verkeersafdeling, hanteer moet word.

### 14.3 Eureka Park(Annatjie)

14.3.1 Duineweg se stormwater probleem.

'n Versoek deur die huiseienaars van Duineweg is ontvang en Munisipaliteit het die terrein besoek. Mnr A Eitner rig skrywe aan inwoners waar hulle ingelig word dat die gebied gelyk is. Pype sal nie ingesit word nie.

14.3.2 Selfgemaakte stormwatersluis Duineweg

Raadslid Gerber sal terugvoering oor die punt gee. Staan oor vir MBBV Komitee vergadering wat op 3 Augustus 2015 plaasvind.

14.3.3 Pad oorgang by Suiderkruis en Spar

Na verskeie skrywes en Johann wat ook 'n epos gerig het, wag ons vir terugvoering. Anton stel voor dat die saak oor twee weke na die minister verwys moet word. Indien nie enige terugvoer op Provinsiale en Nasionale vlak, sal Anton die Minister nader.

14.3.4 Sloot: tussen R102 & Eureka Park

Afgehandel.

### 14.4 Fraaiuitsig(Lavinia en Charl Coetzer)

Geen probleme.

### 14.5 Suiderkruis

Deurgang by waterwerke(by Reservoir) in Columba Sirkel wek kommer. 'n Deurloop na R102 is sekuriteitsgevaar vir die gebied. Inbrake neem reeds toe in die area. 'n Skrywe sal aan Munisipaliteit en Buurtwag vir oplossing, by ingang, gerig word.

### 14.6 Riverside(Des)

Des gee terugvoering oor Munisipale Wetstoepassers en SAP Patrollies soos deur MBBV versoek, wat sigbaar in die gebied rondbeweeg.

**14.7 Tergniet(Len en Anton)**

Kusweg en Impalastraat het gate wat herstel moet word. ‘n Epos sal aan die Munisipaliteit gestuur word.

**14.8 Tergniethoogte(Mike)**

14.8.1 Flinke dienslewering van die Munisipaliteit is ontvang nadat ‘n klag ontvang is.

14.8.2 Mike Wray Boulavard (Tergniet/Reebok hoof ingang) moet aandag kry. ‘n Epos sal aan Munisipaliteit gerig word om hul te bedank vir goeie diens.

**14.9 Klein Brakrivier(Charl de Wet & Pieter le Roux)**

14.9.1 Louis Fourie se gate asook ligte by pale is herstel.

14.9.2 Pieter rig versoek dat plastiese papiere in die gebied skoongemaak word.

14.9.3 Kleinbrakstasie se nuwe koffiekroeg

Soos verneem van mnr Louw Hartsenberg volg hulle amptelike stappe, treintrokke word bespreek en stel ons in kennis dat Victoria Watervalle moontlike kopers het. Onderhandelinge vind nog plaas.

14.9.4 Straatligte. Afgehandel.

14.9.5 Blouvlagstatus. Geen.

14.10 Reebok

14.10.1 Noord van die Spoorlyn (Johan Lotter)

Onkruid in Reeboksaal reeds in notule geplaas.

14.10.2 Suid van die Spoorlyn (Johann Muller)

‘n Skrywe vir die skoonmaak van Seester/Harrisstraat en oorkant ou treinbrug, sal aan die Munisipaliteit gerig word.

14.11 Reebokhoogte (Ray & Kruger)

‘n Skrywe sal weer aan Munisipaliteit oor onkruid in die gebied gerig word

14.12 Reebokrif(Frik Nel)

Geen probleme.

**15. KORRESPONDENSIE**

Geen.

**16. ALGEMEEN**

**16.1 Die volgende Fase van Kusweg**

Raadslid Gerber het by vorige MBBV vergadering verduidelik , die punt is op die 2015/2016 Begroting geplaas. Die Punt sal by Wykskomitee vergadering op Agenda gevoeg word.

**16.2 Wandelpaaie**

Charl vra dat wandelpad langs Impala aandag moet kry. Vishoek by Hersham moet ook oopgemaak word.

**16.3 Skilpadborde**

'n Voorstelling van die nuwe bordjies en grafiese werk word aan die Komitee gewys. Len noem moontlikheid om bordjies onder Buurtwagborde te plaas, sal bespreek word.

**16.4 Stormwater skade R102**

Skade by hoek van Mike Wray/Boulevart wat aangemeld is, is reggemaak.

**17. VOLGENDE VERGADERING**

Die volgende vergadering vind op 05 Augustus 2015 om 13h00 in Reebok Gemeenskapsaal plaas.

Hiermee verdaag die vergadering om 14h30

ANNATJIE JANSE VAN RENSBURG
**SEKRETARESSE**

GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 07/2015 GEHOU OP 05 AUG 2015 OM 13:00

ANTON DELLEMIJN
**VOORSITTER**

| **MBBV AKTIWITEITSLYS 2015/2016** | |
|---|---|
| **Onderwerp** | **Bespreking** |
| 1. Midbrak ontwikkeling – voorgestelde grondgebruik verandering vanaf landbou of onbepaalde gebruik of 'n soortgelyke sonering na enige ander grondgebruik vir dorpstigting | Nov 2015 |
| **2. <u>Sake by Regsafdeling</u>** | |
| a. Tennisbane – Klein-Brakrivier (navraag oor eiendomsreg) | Aug 2015 |

| | |
|---|---|
| b. Erf 264 en 271, Reebok (vordering van eiendomsreg) | Des 2015 |
| c. Koraal Singel 43 (Vordering). Regsgeding. | Dec 2015 |
| 3. Trap 6de Laan. (Terugvoering van Mnr Eddie Jantjies (Gemeenskap dienste) ontvang. Trappe sal in 2015/2016 boekjaar hanteer word. Albei kante van trappe gaan gevul word met die 'brushpacking' metode om sodoende mense van duin weg te hou en erosie te voorkom.) | Sep 2015 |
| 4. Hersëel van Hildegardestraat Fraaiuitsig. Anton noem dat daar geen rekord is die afgelope vier jaar oor die straat nie asook nie op die Herseellys nie. Versoek is gerig aan Mun. Terugvoering van Altus Eitner dat daarduidiglik geen fondse vir die straat is nie en word wel op die herseellys geplaas word vir n latere stadium. Opdrag word aan Ralph Dickson gegee om straat te vee asook gate te stop. | Sep 2015 |
| 5. Begroting vir opgradering van 'Drop off Sites'. L Herselman Munisipaliteit | Sept. 2015 |
| 6. Strate en Stormwater(Reebok en Tergniet) – Kusweg 211, 275 & hv De Jager & Kusweg | Okt. 2015 |
| 7. Hersiening van Straatname en Kartering van nuwe uitbreidings. | Okt. 2015 |
| 8. | |
| 9. | |
| 10. | |